# Tafnuus: September 2025

**Goeie dag Taffies**

Dis heerlike lente, en die winter is verby... en ons klub se blomme tema pas pragtig in by die nuwe seisoen met nuwe hoop.

Taf uitstappies na Kalkbaai en Allee Bleue wynplaas (Cape Hunt club) was 'n voorreg en is goed ondersteun. Dankie aan Theo vir al die uitstekende reelings. Ons volgende uitstappie sal Panning wees by Rondevlei die 11de Oktober wat gemik is op oa. voel fotografie met beweging. Dankie aan Adriaan van Zyl, hy gaan ons touwys maak.

Daar is nou 'n Tafklub AV belange groep gestig, Theo Potgieter is die koordineerder indien iemand nog belangstel om aan te sluit kontak hom gerus.

Baie welkom aan ons twee nuwe lede Carminda Swanepoel en Coen Oelofse, wens jul 'n wonderlike fotografie reis saam met ons toe.

<u>Die Voorsitters deur die jare:</u>

Ek het per abuis Esmari Wium se naam laas maand uitgelaat by die lys van vorige Voorsitters. Jammer daaroor. Esmari het puik werk verrig tussen 2006 en 2009/10.

**1.WEN-FOTO'S van Blomme tema, beoordelaar Lee Tarlton met bondige kommentaar.** Baie dankie vir die beoordeling van rekord getal inskrywings, ons **waardeer** beoordelaars, dit is nooit 'n maklike taak!!!!

**Baie geluk aan die September Maand kompetisie wenners en aan elkeen wie deelgeneem het.**

Geluk ook aan Karen van Zyl en Adriaan van Zyl en Keith Arnold met hul goeie internasionale aanvaardings hierdie maand!!!

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Sonja Myburg: Splish splash I am taking a bath**<br><br>**Wenner: Oop Kategorie** | **Juliane van Dyk: Soekend na nektar**<br><br>**Wenner: Vaste Kategorie Blomme** |
|  |  |
| **Johan Beyers: Leader of the Pack**<br><br>**2de Wenner: Ope kategorie** | **Juliane van Dyk: Flowers for a bee**<br><br>**2de wenner: Vaste kategorie Blomme** |
|  | **Cobus Carstens**<br><br>**Junior wenner: Pronkerig** |

## 2. Oktober 2025: BYEENKOMSTE

- **Vaardigheid. 7de Oktober 2025:** Die byeenkoms is by Logos in Brackenfell om 19h00, kom effe vroeg asb ons begin om 19h00 en aanbieding sal ook geZoom word. **Tema is Panning/Beweging. Ohna Nel sal die aanbieder wees. Sy is aan heelwat lede bekend vir haar kundigheid.**
- Die maand se klubkompetisie is die **21ste Oktober, s**luitingsdatum vir inskrywings is die **15de Oktober.** Ons Oktober maand kompetisie tema is: natuur en wildlewe met ***<u>aksie</u>*** in die fotos, maw daar moet beweging wees wat vasgevang is. Geen manipulasie toegelaat. Kleur. Onthou asb in vaste kategorie mag fotos nie ouer as TWEE jaar wees nie.

- **Yvette Jordaan een van die PSSA kongres sprekers is ons beoodelaar. Sy doen oa ook uitstekende voadsel fotografie.** Ons sien uit na haar kommentaar oor wildlewe.

### <u>Waardes van die klub soos in konstitusie beskryf :</u>

Die *klub* is verbind tot professionele gedrag en etiese standaarde in al sy optredes.

1. Die *klub* diskrimineer nie teen enige persoon nie.
2. Die *klub* beskou sy lede as sy belangrikste bate.
3. Die *klub* is verbind daartoe om sy aktiwiteite te bedryf in ‘n aangename, ontspanne omgewing waarin elkeen hulself kan wees en hulself in fotografie kan uitleef.
4. Die *klub* is verbind daartoe om ‘n kultuur te handhaaf van eensgesindheid onder klublede, waar geen klublid ‘n ander sal afkraak of daarvoor verantwoordelik sal wees dat klublede onderling verdeeld raak oor persoonlike voorkeure of deur ondermynende gedrag nie.
5. Die *klub* is verbind tot ‘n kultuur van goeie gesindheid, respek, integriteit, omgee en ondersteuning onder klublede, begrip vir ander lede se unieke omstandighede en fotografiese en finansiële vermoëns. Indien kritiek van enige aard uitgespreek word, moet dit opbouende kritiek wees anders moet kritiek weerhou word.

(Hierdie is slegs ‘n gedeeltelike uittreksel van ons waardes as ‘n klub, res volg volgende maand.)

Kom ons onthou asb ons waardes as TAFKlub wanneer ons komentaar lewer oor PSSA of Klub sake of oor beoordelaars of mede fotograwe. Ons bou graag aan ‘n kultuur van goeie gesindheid, respek, integriteit, omgee en ondersteuning aan mekaar. Dankie vir elkeen wie hierdie waardes in die klub bevorder.

## 3. KLUB PRESTASIES:

**Gelukwense aan die onderstaande TAFklub lede!!!** Die syfers aan die begin van die kolom is die aantal aanvaardings wat elkeen ontvang het. Dankie aan elkeen wie ingeskryf het.

| Naam | Edenvale digital salon | 30th Birthday Celebration salon | 28th Up and comming Photographic competition |
|---|---|---|---|
| Keith Arnold | | | 3 1 Meriete |
| Hendi Barnard | 1 | | |
| Neels Beyers | | 6 | |
| Cobus Carstens | | | 3 |
| Andre de Koker | 4 | 2 | |
| Phillip de Lange | 5 | 3 | |
| Louise de Lange | 2 | 1 | |
| Christo Giliomee | 5 | 4 1 Meriete | |
| Niel Goslett | 6 | | |
| Gerhard Kroukamp | | | 4 1 Meriete |
| Julia Marinescu | | | 1 |
| Sharon Nowacki-Olsen | | | 4 1 Meriete |
| Jean Rheder | | | 2 |
| Lizhan Ruschenbaum | | | 7 1 Meriete |
| Juliane van Dyk | 9 1 medalje | 6 2 Meriete | |
| Cathy van Nieuwenhuizen | | | 1 |
| Adriaan van Zyl | | 7 | |
| Karen van Zyl | 3 1 Meriete | 7 | |
| Mariana Visser | | | |
| Arnold van Dyk | 1 1 Meriete | 1 | |
| Sonja Myburgh | 6 | 2 | |
| Eurica Scholtz | 2 | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Kathy Smith | | | 2 |
| Charmaine Venter | | 4 1 Meriete | |




Saterdag die 22ste November 2025 om 18h00 is ons jaarlikse afsluiting en prysuitdelings aand, bespreek nou al jou plek!!!! Dit beloof 'n wonderlike geleentheid te wees.

Vriendelike groete

Juliane van Dyk

Voorsitter

**Tafelberg Fotografieklub - "Die lekkerste fotografieklub in die Wes-Kaap"**
e-mail : tafklub@gmail.com website : www.tafklub.co.za

Tafelberg
FOTOGRAFIEKLUB

Tafelberg
FOTOGRAFIEKLUB